

17 Maart

2 Korintiërs 3:1-4

Is jy leesbaar?

'n Gelowige is soos wierook. Dit het ons in hoofstuk 2 gelees, maar 'n gelowige is ook soos 'n brief. Dit is 'n baie besondere brief, 'n gelowige.

Soos 'n gewone brief gaan daar van die lewe van die gelowiges 'n boodskap uit. Hierdie lewe moet vertel dat God magtig is en wonderlike dinge in my lewe doen.

'n Gelowige is nie 'n brief waarop daar staan "Persoonlik en streng vertroulik" nie. Hy en sy is 'n ope brief, amper soos 'n kennisgewing wat elke persoon mag lees. Hierdie brief moenie 'n brief wees waarin 'n mens homself prys nie. Nee, dit moet 'n brief wees waardeur Jesus verheerlik word.

Dit is belangrik dat 'n gelowige 'n baie duidelike brief moet wees. 'n Brief wat nie verkeerd gelees word nie. 'n Brief wat lelik of dof geskryf is kan verkeerd gelees word. Die gelowige moet 'n duidelike brief wees. Soos wat 'n goeie getuigskrif 'n werkgewer kan oorreed om iemand in diens te neem, so het gelowiges die heerlike voorreg om deur hulle lewe mense te oorreed om Jesus Christus as hulle enigste Verlosser aan te neem.

Om werklik 'n brief met impak te wees moet die gelowige deur die Heilige Gees geskryf word. Hy skryf mos op die harte van mense. Sy skrif moet in jou hart staan. Dan is jy wat jy moet wees: iemand waardeur God met mense praat.

Sing: Psalm 66:6

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)